

7 JUNIE 2020

# Gr R tot Gr 3



**Lig** staan teenoor donker.

i

## Genesis 1:1-2, 4a

### voorbereiding

Neem saam:

- Kaartjies met teenoorgesteldes
- Afskrifte van prent aan die einde van die les.
- Inkleurkryte
- Klei

**OPENINGSGEBED:**  
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

### gesels tyd

Kom ons begin vandag met 'n spelletjie: *Deel die groep in twee. Verduidelik vir die kinders wat teenoorgesteldes beteken. Geen nou vir elke groep die kans om 'n woord te kies en dan moet die ander groep sê wat die teenoorgestelde van die woord is.*

*Byvoorbeeld kort vs lank, vet vs maer. Waar die groepe vashaak, kan jy ook voorbeelde gee. Jy kan ook vooraf kaartjies maak wat die kinders oos stomstreke moet verduidelik en sodra hulle reg geraai het, moet hulle die teenoorgestelde woord ook gee om 'n bonus punt te verdien. Kyk hoeveel teenoorgesteldes hulle kan opnoem.*

Ons lewe elke dag tussen verskillende teenoorgesteldes. Ons kan baie voorbeelde om ons sien. Mens kan verskillende dinge ook groepeer of saam sit in verskillende groep

Vir die volgende oefening, kyk of julle groepies kan maak van die volgende: *(Jy kan ook jou eie voorbeelde gebruik)*

- Almal wat dieselfde kleur hare het
- Almal wie se name met die selfde letter begin
- Almal wat in die selfde maand verjaar
- Almal wat ewe oud is

- Almal wat dieselfde kleur oë het ens.

*Van die groepe sal heelyd verander. Alles hang af van watter soort groep gevorm moet word met elke verskillende vraag.*

### gesels tyd (vervolg)

Om dinge te groepeer help ons om te weet wat by mekaar hoort.

Sê mamma ook soms vir jou om jou kamer uit te sorteer? Hou jy daarvan? Waarom of waarom nie?

Wanneer ons ons kamers moet uitsorteer, dan moet al jou poppe of al jou karretjies bymekaar gepak word. Alles word opgeruim en nie net in een hoop in die hoek van jou kamer gegooi nie. Dit help ons ook om te weet waar elke ding hoort en wanneer jy iets soek, dan weet jy presies waar om wat te kry. Sodra iets dan op 'n verkeerde plek is, sal jy dit dadelik kan raaksien, want alles is soort by soort gepak.

Orde of groepe gee sin aan ons lewe.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

#### Lied: Kleureliedjie

My hart was vol van sonde  
Voor Jesus my ontmoet: Swart  
Maar Hy het my vergewe: Wit  
Gereinig deur Sy bloed: Rooi  
Ek groei nou in die Here: Groen  
Ek sal die hemel sien: Blou  
Op goue strate wandel: Geel  
Wil jy ook die Here dien?  
O JA!!

#### Lied: Dis so lekker om die Here te dien

Dis so lekker om die Here te dien (x4)  
Dis so le-e-e-ek-ker  
Dis so lekker om die Here te dien  
Dis so le-e-e-ek-ker  
Dis so lekker om die Here te dien

Dis so swaar om jou laste te dra (x4)  
Dis so swaa-aa-aa-aa-ar  
Dis so swaar om jou laste te dra  
Dis so swaa-aa-aa-aa-ar  
Dis so swaar om jou laste te dra

Maar  
Dis so lekker om die Here te dien (x4)

## BYBEL tyd

Voordat God die aarde geskep het soos ons dit vandag ken, was alles net donker en chaos. Toe het God elke ding op sy tyd gemaak. Alles wat HY gemaak het, het hy in 'n bepaalde orde of groep saam gesit en op die manier het Hy die aarde so gemaak dat dit bewoonbaar geraak het vir mens en dier. God het elke dinge geskape met 'n spesifieke doel. En elke keer

wanneer Hy iets klaar geskep het, het Hy gekyk en gesien dat dit goed is.

Ons lees die verhaal van die skepping sommer heel eerste in die Bybel. Daar sien ons dat alles eers chaos was, maar toe skei die Here die lig en donker van mekaar. En dit was goed.

Het jy al gesien as 'n vertrek pik donker is, en jy net 'n vuurhoutjie aansteek, of 'n flitslig aanskakel of die lig aansit, dan is die donker weg. God het lig en donker gemaak om vir ons ook te help om te kan sien dat wanneer Sy lig in ons skyn, daar nie meer plek vir die donker van die sonde is nie. Jesus kom vul ons met Sy lig. Hy is die een wat vir ons die nuwe lewe gee.

Ons het gesien dat wanneer ons iets regpak en alles wat saam hoort by mekaar sit, dan is daar orde. Sodra iets nie reg is nie of uit plek is, sal jy dadelik weet daar is fout en dan kan jy dit regmaak.

Net so is ons lewe ook saam met Jesus. Wanneer Sy lig in ons skyn, gee dit nuwe lewe.

Wat gee alles lig? Gee geleentheid vir antwoorde. Kerse, lampe, ligte, flitse. In die dag gee die son lig, en in die nag skyn die maan. En die Een wat dit alles moontlik gemaak het, was God.

Kom ons lees daarvan in die Bybel.

*Lees vir die kinders voor uit Gen. 1:1-2 en 4a*

*Lees ook Psalm 8*

God het jou en my ook gemaak. Ons is spesiaal en uniek en Hy het jou baie baie lief. En sa jy ooit daaroor twyfel, kyk net na alles wat lig maak om jou en herinner jou daaraan dat God wat die lig en die donker geskei het, het jou lief en wil jou in Sy lig laat loop.

## doen & leer tyd

God het alles gemaak.

Wanneer ons na die aarde en alles daarop kyk, weet ons God dit gemaak het. Teken vandag iets wat jou herinner dat God alles gemaak het en dat Hy jou baie lief het.

As 'n alternatief kan daar ook klei aan die kinders uitgedeel word en moedig hulle aan om iets te maak uit die klei. Wanneer jy die item klaar gemaak het, kyk daarna en sê: Dit is mooi, want ek het dit self gemaak.


Herinner die kinders daaraan dat Jesus jou ook gemaak het en na jou kyk en dink: Jy is mooi, want ek het jou gemaak.

Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa te gaan vertel wat hulle vandag geleer .

## groet tyd

Dankie Jesus dat U ook vir my gemaak het en dat U my baie liefhet.

Amen



**God het alles gemaak.  
Teken 'n prent wat jou herinner daaraan  
dat God alles op aarde en ook vir jou gemaak het  
en dat Hy jou liefhet.**

